Process Safety Beacon
Messages for Manufacturing Personnel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon

An AIChE Technology Alliance
CCPS Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps

This issue sponsored by
ioMosaic®
Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

# ’n Sin vir kwesbaarheid – belangrike komponent van

Junie 2023




’n Persoon het deur die proses area geloop waar swawelsuur hanteer word en gesien dat ’n operateur gereed maak om ’n stikstof rubber pyp te ontkoppel sonder die nodige beskermende toerusting (PPE). Hy het met die operateur gepraat en op die gevare gewys. Die operateur het gewillig gehoor gegee en sy beskermende toerusting aangetrek. Kort daarna was daar ’n klap geluid gevolg deur ’n blaasgeluid. Toe die persoon omkyk sien hy dat die operateur se gesig en lyf is vol swawelsuur en hy help hom toe tot by die naaste veiligheids stort.

Wat die operateur nie geweet het nie, is dat swawelsuur teruggestoot het in die rubber stikstof pyp. Toe hy die pyp losmaak het swawelsuur by die rubberpyp uitgespuit reg in sy gesig. Hy het slegs geringe brandwonde opgedoen om sy nek omdat hy die korrekte beskermende toerusting gedra het.

Tydens die ondersoek is vasgestel dat die operateur se gesigskerm sleg blootgestel aan swawelsuur met ‘n vlek reg in die middel waar die straal swawelsuur dit getref het. Sonder die gesigskerm sou die operateur ernstig gebrand het met skade aan sy oë en moontlik sy sig verloor het.

Hoekom het die eerste persoon gestop en die operateur herinner om sy volle beskermende toerusting te dra? ’n Sin vir kwesbaarheid of “Sence of vulnerability” Die persoon wat verby geloop het, het die moontlikheid raakgesien dat die rubber pyp swawelsuur in kon hè, selfs al was dit veronderstel om net stikstof in te hè.

## Het jy geweet?

- Wat beteken ’n “Sin vir kwesbaarheid”? Dit beteken dat elkeen in ons aanleg:
    - Verstaan die gevare van die chemikalieë in die proses en die proses kondisies (Druk, Temperatuur, ens.)
    - Heeltyd bedag op simptome van afwykings wat kan aandui dat iets erger dalk kan gebeur, soos byvoorbeeld ’n klein lek wat dalk skielik kan vergroot.
    - Wees oplettend selfs al het die aanleg ‘n goeie veiligheids rekord.
- Ook in ons persoonlike lewe is dit ’n “Sin vir kwesbaarheid” wat ons laat versigtiger bestuur in swaar weer of ons versigtiger laat werk as ons op ’n leer klim.
- As mens haastig is kan dit veroorsaak dat jy jou “Sin vir kwesbaarheid” verloor en kortpaaie vat soos om stappe in die proses oor te slaan of jou beskermende toerusting vergeet.
- Nuwe werkers bring dalk hulle “Sin vir kwesbaarheid” saam van ’n vorige werk af. Dit beteken dat ons hulle moet help om die gevare van die nuwe werk te verstaan.
- Die behoud van ’n goeie “Sin vir kwesbaarheid” is ’n belangrike eienskap van ’n goeie proses veiligheids kultuur.

## Wat kan jy doen?

- As jy iemand sien wat gevaarlik lyk, stop en vra of hulle die korrekte prosedure volg. Jou optrede kan voorkom dat iemand seerkry.
- As iemand jou uitvra oor hoe jy ’n taak doen, moenie verdedigend wees nie. Hulle wil net probeer om jou veilig te hou. Antwoord hulle vrae op ’n kalm manier, wees ontvanklik vir voorstelle vir verbetering en bedank hulle dat hulle omgee vir jou veiligheid.
- As daar nuwe werkers is, leer hulle die gevare en die prosedures. Jy kan help om hulle veilig te hou.
- Moet nooit dink: “Dit kan nie hier gebeur nie!”

**Sin vir kwesbaarheid – jou proses veiligheids “voorgevoel”**

©AIChE 2023. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or +1 646-495-1371.